**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL　　　　MAANDAG 11 MEI　　　　TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp**: Skryf 'n storie

**Doelwit:**

Die leerder moet 'n storie kan skryf oor 'n karakter, waar die karakter se houding/gesindheid verander na die einde van die storie.

**Lesinhoud:**

Goeie dag Graad 4's.

Jy het Vrydag 'n storie beplan, waar jou hoofkarakter se gedrag tydens die storie verander het. Vandag gaan jy die storie in paragrawe skryf.

Jou storie moet bestaan uit drie paragrawe:

1. **Inleiding – Die begin (eerste paragraaf)**
   Hier vertel jy vir die leser waaroor die storie gaan. Dit moet interessant wees en die leser se aandag dadelik vasvang sodat hy/sy die storie verder wil lees.
   Maak seker jy dui aan hoe jou karakter se gedrag is.

2. **Die middel (tweede paragraaf)**
   In hierdie paragraaf gee jy al die besonderhede of inligting deur. Hier word vertel wat alles in die storie gebeur.
   Hier moet jy skryf wat gebeur met jou karakter om sy/haar se houding te laat verander.

3. **Slot - Die einde (laaste paragraaf)**
   Hierdie paragraaf sluit mooi aan by die eerste paragraaf en vat die hele storie mooi saam. Dit is hoe die storie afgesluit word.
   In hierdie paragraaf moet dit duidelik wees hoe die karakter se gedrag verander het, en hoe sy/hy nou optree.

**AKTIWITEIT:**

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.91**

Skryf jou storie wat jy beplan het op bl.90 nou oor in paragrawe op bl.91.

Maak seker jy dui jou karakter se gedrag in die inleiding aan.

In die middel moet jy beskryf wat gebeur het hoekom die karakter hy/sy gedrag verander het.

Aan die einde moet jy aandui hoe die karakter nou optree.

Onthou om vir die storie 'n goeie/treffende titel te gee.

**MEMORANDUM: MAANDAG 11 MEI**

**Bl.91**

**Kontroleer jou storie:**

| **Kontrolelys** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| Jou storie het 'n titel. | | |
| Jou inleiding (die begin) vertel ons waaroor jou storie gaan. | | |
| Jou middel vertel hoekom sy/haar gedrag verander het. | | |
| Die einde vertel hoe die karakter se gedrag nou is en som jou storie mooi op. | | |
| Elke sin het 'n hoofletter en 'n punt, en die sinne is nie te lank nie. | | |
| Die sinne vloei mooi en sluit mooi bymekaar aan. | | |
| Daar is geen spelfoute nie. | | |

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL DINSDAG 12 MEI TYD: 15 MIN.**

**Onderwerp: Werkwoorde**

**Doelwit:**

**Die leerder moet 'n werkwoord kan identifiseer en weet wat dit is.**




**Lesinhoud:**

Goeie dag Graad 4's

Vandag gaan ons kyk na werkwoorde.

Ons het reeds in kwartaal een werkwoorde behandel, so kom ons kyk of jy nog kan onthou.
Wat is 'n werkwoord? (Kyk na die powerpoint aangeheg.)
Werkwoorde is die doenwoorde in die sin. Dit dui die aksie aan.
Bv. Ek borsel my tande. **Borsel** is dus die werkwoord, want dit is wat jy doen in die sin.
Bv. Die seun hardloop 'n wedloop. **Hardloop** is die werkwoord.




Kan jy nog onthou wat 'n onderwerp, voorwerp en gesegde is?
Kom ons hersien gou weer:

**Susan pluk 'n roos.**

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp** | Wie voer die aksie uit? | Susan |
| **Werkwoord/Gesegde** | Wat is die aksie of doenwoord? | pluk |
| **Voorwerp** | Wie of wat? | 'n roos |

**AKTIWITEIT:**

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.92.**

Kyk mooi na die prentjies en identifiseer die werkwoord.

Skryf 'n sin met die werkwoord , 'n onderwerp en 'n voorwerp in die teenwoordige tyd.

Skryf dieselfde sinne dan weer oor in die verlede tyd.

**MEMORANDUM: DINSDAG 12 MEI**

**Bl.92**

| **Werkwoord:** | **Voorbeeld van 'n sin:** |
|---|---|
| vang/hardloop | **Die seun (Hy) vang die bal. Die seun (Hy) hardloop met die bal.** |
| spring | Die dogter (Sy) spring tou. |
| hardloop | Die seun (Hy) hardloop met die bal. |
| kolf/slaan | Die seun (Hy) kolf. Die seun (Hy) slaan die bal. |
| swem | Die seun (Hy) swem in die swembad. |

| **Werkwoord:** | **Voorbeeld van die sin in die verlede tyd:** |
|---|---|
| 1.Vang/hardloop | **Die seun (Hy) het die bal gevang. Die seun (Hy) het met die bal gehardloop.** |
| 2. spring | Die dogter (Sy) het tou gespring. |
| 3. hardloop | Die seun (Hy) het met die bal gehardloop. |
| 4. kolf/slaan | Die seun (Hy) het gekolf. Die seun (Hy) het die bal geslaan. |
| 5.swem | Die seun (Hy) het in die swembad geswem. |

| | **ONDERWERP** | **VOORWERP** | **GESEGDE** |
|---|---|---|---|
| 1. | Die seun / Hy | Die bal | het gevang/ gehardloop |
| 2. | Die dogter / Sy | tou | het gespring |
| 3. | Die seun / Hy | die bal | het gehardloop |
| 4. | Die seun/ Hy | die bal | het gekolf/ geslaan |
| 5. | Die seun/ Hy | in die swembad | het geswem |

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL WOENSDAG 13 MEI TYD: 15 MIN.**

**Onderwerp**: Tydsvorme

**Doelwit**:

**Leerders moet sinne in die verskillende tydsvorme kan skryf.**

**Lesinhoud**:

Goeie môre Graad 4's

Vandag gaan ons kyk na tydsvorme.



Wat is tydsvorme? (Kyk na die powerpoint aangeheg.)
Daar is drie verskillende soorte tye:

1. Teenwoordige tyd (gebeur op die oomblik)
   Bv. Ek eet 'n appel.

2. Verlede tyd (het reeds gebeur)
   Bv. Ek het 'n appel geëet.
   NB: Indien 'n woord "ge-" vooraan het, is dit altyd in die verlede tyd.

3. Toekomende tyd (sal nog gebeur)
   Bv. Ek sal 'n appel eet.

Kom ons kyk of jy tydsvorme verstaan deur die aktiwiteit te doen op bl. 93

**AKTIWITEIT:**
Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek: **Bl.93**
Groepeer die woorde in die blokkies wat hulle aan jou gee, in die korrekte kolomme in die tabel. ONTHOU: Indien 'n woord "ge-" vooraan het, is dit altyd in die verlede tyd.

Onderaan bl.93 moet jy sinne beantwoord deur met "Nee" te begin.
Die woord "nie" moet jy twee keer in elke sin gebruik.
Bv. Het Piet gaan stap vandag?
Nee, Piet het nie gaan stap vandag nie.

**MEMORANDUM: WOENSDAG 13 MEI**
**Bl.93**

| **Teenwoordige tyd** | **Verlede tyd** | **Teenwoordige tyd** | **Verlede tyd** |
|---|---|---|---|
| Eet | Geëet | Hoor | Geleer |
| Drink | Gevang | Leer | Geneem |
| Vang | Gehoor | Slaap | Geslaap |
| Skryf | Gepraat | Weet | Geweet |
| Praat | Gehardloop | Hardloop | Geskryf |
| Neem | Gedrink | | Gedink |

**Bl.93**

- Nee, Jabu wil nie 'n nuwe skaatsplank koop nie.
- Nee, ek wil nie vanmiddag rugby speel nie.
- Nee, die hond slaap nie alleen buite nie.
- Nee, Susan wil nie vandag by Mandu gaan speel nie.
- Nee, die kinders eet nie graag lekkergoed nie.

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL DONDERDAG 14 MEI TYD: 15 MIN.**

**Onderwerp**: Begripstoets: Mandu

**Doelwit**:

Leerders moet 'n storie kan lees en vrae gebaseer op die storie kan beantwoord.

**Lesinhoud**:

Goeie dag Graad 4's

Vandag gaan ons weer kyk na 'n kortverhaal.

Maak jou rooiboek oop op bl.94, voordat jy die teks lees, kyk na die opskrifte en prentjies.
Kan jy dalk voorspel waaroor die teks gaan?
Lees die teks nou deur, indien daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur.

Kan jy nog onthou wat 'n sinoniem is?
Die "**S**" staan vir selfde. Dit verwys dus na 'n woord wat dieselfde betekenis het.
Bv. mooi en pragtig

Beantwoord nou die vrae oor Mandu se geheime dagboek.

**AKTIWITEIT:**

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.94-96.**

Lees die kortverhaal oor Mandu se geheime dagboek deur en beantwoord die vrae.

**Bl.96**

Die volgorde van die kortverhaal oor Mandu is deurmekaar geskommel. Nommer nou die sinne van 1 tot 6 om die korrekte volgorde van die storie aan te dui.

**MEMORANDUM: DONDERDAG 14 MEI**

**Bl.95**

valstrik = lokval skree = gil wenk = leidraad

- Waarom wou Mandu haar dagboek wegsteek?

Sy skryf elke dag in haar dagboek wat sy daardie dag gedoen het, asook haar geheime.

- Waarom het sy haar boetie Ndi verdink?

Sy het vuil merke gesien, en haar boetie se hande is altyd vuil.

- Watter lokval het hulle gestel?

Hulle het bietjie meel gesprinkel op die vloer langs haar bed, sodat die persoon voetspore los.

- Waarom het sy Anita verdink?

Hulle het 'n blonde haar gevind, en Anita is die enigste persoon met blonde hare in die huis.

Nommer 1 tot 6 die korrekte volgorde van die storie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. | Sy het 'n blonde haar in die dagboek ontdek. | 1. | Sy het haar dagboek weggesteek. |
| 3. | Sy het vuil merke in die dagboek gekry. | 6. | Sy het haar hond met haar dagboek sien speel. |
| 2. | Sy het besef dat iemand haar dagboek gelees het. | 5. | Sy het 'n lokval gestel deur meel op die vloer te sprinkel. |

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL VRYDAG 15 MEI TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp**: Skryf 'n dagboekinskrywing

**Doelwit:**

Die leerder moet 'n dagboekinskrywing vanuit die oogpunt van die hoofkarakter in die verlede kan skryf.

Lesinhoud:

Goeie dag maats

Ons het gister die storie van Mandu se geheime dagboek gelees. Vandag gaan jy jou verbeel jy is Mandu. Jy gaan 'n dagboekinskrywing skryf waarin jy opsom wat vandag met jou (Mandu) gebeur het. Jy moet jou dagboekinskrywing in die verlede tyd skryf.

Wat is 'n dagboekinskrywing?

Dit is 'n opname wat terugvoering gee oor die dag se gebeurtenisse.

**AKTIWITEIT:**

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.96**

Verbeel jou jy is Mandu.

Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy opsom wat vandag met jou (Mandu) gebeur het.

Jou dagboekinskrywing moet in die verlede tyd geskryf word.

Watter tipe karakter is Mandu? Hoe lyk sy?

Dink aan byvoeglike naamwoorde om Mandu te beskryf en vul dit in die wolkies in onderaan bl.96.

Skryf nou 'n paragraaf oor Mandu om haar te beskryf op bl.97.

**MEMORANDUM: VRYDAG 15 MEI**

**Bl.96**

**Kontroleer jou dagboek:**

| **Kontrolelys** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| Jou dagboekinskrywing gaan oor Mandu se geheime dagboek. | | |
| Elke sin het 'n hoofletter en 'n punt, en die sinne is nie te lank nie. | | |
| Die sinne of punte vloei mooi en sluit mooi by mekaar aan. | | |
| Daar is geen spelfoute nie. | | |

Byvoeglike naamwoorde om Mandu te beskryf:

*Slim / intelligent *Oulik

*kreatief / inisieer *lang / krul / bruin hare

Paragraaf waarin jy Mandu beskryf:

Maak seker jy gebruik die byvoeglike naamwoorde wat jy neergeskryf het in die wolkies in jou paragraaf.

**Voorbeeld**:

Mandu is 'n meisie met lang, bruin hare. Sy is 'n oulike en intelligente dogter wat goeie planne maak. Sy dink aan baie kreatiewe planne om probleme op te los.